Tekste: Gesang 180; 1 Timoteus 1: 2b, 2022; Spreuke 4: 23, 1983; Gesang 284:1.
Fokus teks: 1 Samuel 3: 1-18, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 1-3; Gesang 245: 1-3; Gesang 525: 1-3.

---

AANKONDIGINGS:

KLOK:

Ons kom luister vandag, in die gees, soos 'n Samuel van ouds na die roepstem van die Here. Ons wil na Hom luister en Sy teenwoordigheid ervaar. Word op hierdie vyfde Sondag van die opstanding bewus van die feit dat Jesus opgestaan het. Ja! Hy het waarlik opgestaan!

TOETREDE:

Ek bewonder U, my Heer ~ VONKK 139: 1-4.

VOTUM:

Eer aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, soos dit was aan die begin, toe en so ook nou en van ewigheid tot ewigheid. Amen (Gesang 180).

SEËN:

Genade en vrede word aan jou geskenk deur God ons Vader en Christus Jesus ons Here (1 Timoteus 1: 2b, 2022). Amen.

Tekste: Gesang 180; 1 Timoteus 1: 2b, 2022; Spreuke 4: 23, 1983; Gesang 284:1.
Fokus teks: 1 Samuel 3: 1-18, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 1-3; Gesang 245: 1-3; Gesang 525: 1-3.

---

SANG:

Gemeente kom ons bring lof aan die Vader. Loof die Heer! Sing, gelowiges saam! Prys sy heilige Naam! Hy kom uit genade ons sondes versoen dat ons Hom vrymoedig ons Vader kan noem ~ Gesang 205: 1-3.

WIL VAN DIE HERE:

Vandag luister ons na die wil van die Here uit Spreuke 4: 23:

> *Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.*

Met die dat dit vandag die vyfde Sondag van die opstanding is, fokus ons mos op die opstanding. Maak ons seker dat dit die opstandingsgeloof is wat in my hart leef. Die opstandingsgeloof verander jou lewe. Doodsdinge is nie meer die einde nie. Die oop graf oorheers. Die dood is dood en die angel is uit die dood gehaal.

Tekste: Gesang 180; 1 Timoteus 1: 2b, 2022; Spreuke 4: 23, 1983; Gesang 284:1.
Fokus teks: 1 Samuel 3: 1-18, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 1-3; Gesang 245: 1-3; Gesang 525: 1-3.

---

EK WAT VERGIFNIS, HEER, ONTVANG HET:
Sing dankbaar my verlossingslied. Ek loof en prys U deurentyd, en roem u groot barmhartigheid ~ Gesang 245: 1-3

PREEK:
ROEPING: Is tegelyk ‘n moeilike en maklike ding om te verstaan. ‘n Mens kan uit soveel verskillende hoeke na roeping kyk. So byvoorbeeld het die Hervormde Kerk in 2006 (18 jaar gelede) haar roeping so verstaan:

> *Die inhoud van ons roeping as kerk kom van God en bepaal ons identiteit. Ons glo dat God ons, as die liggaam van Christus, geroep het om in die wêreld en vir die wêreld, die evangelie van Jesus Christus te verkondig. In 'n veranderende wêreld is dit noodsaaklik om voortdurend te besin of ons nog leef en doen wat God wil.*

Zuurfontein gemeente het op ‘n dag ons roeping so verwoord:

> *Dié Gemeente streef daarna om 'n gemeenskap van gelowiges te wees waar ons mekaar liefhet, waar ons sterk staan in die geloof, waar ons mense in nood help, en waar ons volhard.*

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse taal sê:

> ... *innerlike drang tot 'n werk / beroep / lewenstaak. Werk / beroep waarvoor jy bestem is, waarvoor jy 'n innerlike aanleg het.*

Die befaamde digter en skrywer, sê:

> *Vir sy eie voordeel beklee 'n persoon 'n beroep, vir die voordeel van sy ewemens beklee 'n persoon 'n beroep.*

Voordat ons lees, miskien 'n bietjie agtergrond. Daar was 'n man en 'n vrou (Elkana en Hanna). Hanna kon ongelukkig nie kinders hê nie, maar hulle was gelukkig 'n godsdienstige gesin. Ja, gesin. Volgens gebruik van daardie tyd kon 'n man meer as een vrou hê en so lees ons dat Elkana ook 'n ander vrou gehad het (Peninna). By haar het Elkana wel kinders gehad.

Tekste: Gesang 180; 1 Timoteus 1: 2b, 2022; Spreuke 4: 23, 1983; Gesang 284:1.
Fokus teks: 1 Samuel 3: 1-18, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 1-3; Gesang 245: 1-3; Gesang 525: 1-3.

---

Elke jaar het hulle van hulle tuisdorp (Rama) na Silo gereis om daar te gaan offer. Hanna was desperaat om ‘n kind te hê en het op ‘n keer so hartstogtelik gebid, dat die priester Eli gedink het sy was dronk. Ons lees in 1 Samuel 1: 11:

> *Sy het 'n gelofte afgelê en gesê: “Here, Almagtige, as U tog op my ellende wou let en aan my, u dienares, wou dink en my nie vergeet nie en aan my 'n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee, en as teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie.*

Sy het werk intens gebid en toe sy by die huis kom het sy swanger geraak. Sy het egter haar belofte aan die Here onthou en, nadat sy vir Samuel gespeen het, hom na die tempel toe gebring om sy lewe lank in diens van die Here te leef ... roeping.

En dan volg die geskiedenis wat ons nou gaan saam lees uit 1 SAMUEL 3: 1-18

Tekste: Gesang 180; 1 Timoteus 1: 2b, 2022; Spreuke 4: 23, 1983; Gesang 284:1.
Fokus teks: 1 Samuel 3: 1-18, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 1-3; Gesang 245: 1-3; Gesang 525: 1-3.

---

1 Die seun Samuel het die Here gedien onder toesig van
Eli. Die woord van die Here is in daardie tyd min gehoor,
daar was nie dikwels openbarings nie. 2 Eli se oë het al
swak begin word, hy kon nie meer goed sien nie. Vroeg
een môre het Eli nog op sy slaapplek gelê, 3 en die lamp
van God het nog helder gebrand. Samuel het ook nog
gelê in die tempel van die Here waar die ark van God
was, 4 en toe roep die Here na Samuel.
Samuel het geantwoord: "Ek kom!"
5 Hy het na Eli toe gehardloop en gesê: "Hier is ek, want
u het my geroep."
Maar Eli sê: "Ek het nie geroep nie! Gaan lê maar weer."
En Samuel het gaan lê.

6 Die Here het weer na Samuel geroep, en hy het
opgestaan, na Eli toe gegaan en gesê: "Hier is ek, want
u het my geroep."
Toe sê Eli: "My seun, ek het nie geroep nie! Gaan lê maar
weer."
7 Maar Samuel het nog nie die Here geken nie, want die
woord van die Here was nog nie voorheen aan hom

geopenbaar nie. 8Die Here het Samuel toe 'n derde keer
geroep, en hy het opgestaan en na Eli toe gegaan en
gesê: “Hier is ek, want u het my geroep.”
Toe besef Eli dat die Here die seun geroep het, 9en Eli sê
vir Samuel: “Gaan lê en as iemand jou weer roep, sê jy:
Praat, Here, u dienaar luister!”
Samuel het toe gegaan en op sy slaapplek gaan lê.

10Die Here het gekom en gaan staan en soos die vorige
kere geroep: “Samuel, Samuel!”
En Samuel sê: “Praat, Here, u dienaar luister!”
11Die Here sê toe vir Samuel: “Ek gaan 'n ding in Israel
doen wat elkeen wat daarvan hoor, se twee ore sal laat
tuit. 12Op daardie dag sal Ek vir Eli alles voltrek wat Ek
oor sy familie aangekondig het, van begin tot end. 13Ek
het aan hom bekend gemaak dat Ek sy familie vir altyd
gaan straf oor die ongeregtigheid waarvan hy geweet het.
Ja, toe sy seuns die vloek oor hulle gebring het, het hy
hulle nie bestraf nie. 14Daarom bevestig Ek met 'n eed
aangaande die familie van Eli: die ongeregtigheid van Eli

se familie sal sekerlik nooit deur diereoffer of graanoffer versoen word nie."

15Daarna het Samuel gaan lê tot die oggend, en toe die deure van die huis van die Here oopgemaak. Hy was
bang om die openbaring aan Eli te gaan vertel. 16Maar Eli
het vir Samuel geroep en gesê: "Samuel, my seun!"
Hy het gesê: "Ek kom!"
17Eli sê toe: "Wat het die Here met jou gepraat? Moenie iets vir my wegsteek nie. God sal jou met die dood straf as jy iets van wat Hy aan jou bekend gemaak het, vir my wegsteek."
18Toe vertel Samuel hom alles; hy het niks weggesteek nie.
En Eli het gesê: "Hy is die Here, laat Hom doen soos Hy wil."

Ons lees net sover ...

PREEK:

---

Ek dink ons kan wegspring met die gedagte dat ons roeping ons identiteit vorm. Ons verstaan van waartoe God ons geroep het, vorm ons menswees. Ons kan (met ander woorde) tussen die twee onderskei, maar ons kan nooit roeping en identiteit van mekaar losmaak nie. Dink hier byvoorbeeld aan Samuel en Eli in ons gelese gedeelte.

Ons vertelling begin met die woorde: *Die seun Samuel het die Here gedien onder toesig van Eli*. Ek herhaal: *onder toesig van Eli*. In ons tyd sou ons dit mentorskap noem (selfs ook ouerskap). Dit is waar ‘n ervare persoon ‘n minder ervare persoon omarm en lei op die weg na God se wil.

Ons lewe in ‘n moeilike uitdagende tyd, daarom behoort mentorskap onontbeerlik deel van ons lewe te wees. Die oumense het altyd gesê: jy kan nie ervaring en ondervinding koop nie.

Kinders leer uit wat hulle veral sien van hulle mentors. Jare gelede was baie kinders se helde hulle ouers. Vandag het kinders allerhande snaakse en vreemde helde. Wie is jou kind of kleinkind se held?

In hierdie week sien ek twee prentjie op sosiale media. Die eerste is ‘n mamma en pappa wat mooi met mekaar praat ~ daar kom pragtige blommetjies uit hulle monde as simbole van die mooi dinge wat hulle praat en by hulle kind se mond kom later ook blommetjies uit. Positiewe Mentorskap.

In die tweede prentjie kom daar weerligstrale uit mamma en pappa se monde en onder kom daar ook ‘n weerligstraal uit die seuntjie se mond. Negatiewe Mentorskap.

Soos Eli ‘n verantwoordelikheid teenoor die jong Samuel gehad het, is ek en jy geroep deur God om positiewe mentors vir elke kind van God wat op ons pad kom te wees. God roep my en jou om ‘n geestelike mentor vir

ander wees. In besonder ook vir kinders. Besef ons dit nog? Of wil ons ook vir die kinders op ons pad sê hulle hoef nie te doen wat ons doen nie, hulle moet net doen wat ons sê.

Onder mentorskap, uit hierdie verhaal, leer ons drie belangrike dinge.

Die eerste is ‘n antwoord op die vraag: Hoe hoor en ervaar ons God se stem? Om God se stem raak te hoor is nie altyd maklik nie. Vir Samuel was daar ‘n stuk verwarring, hy dink hy hoor Eli se stem en dit bring frustrasie. Dit vat stilte en baie oefening om God te hoor praat. Die gejaag en besig wees van die wêreld maak ons boonop doof vir die stem van God.

Die tweede belangrike saak ten opsigte van mentorskap is die bou van verhoudings. Die slim mense noem dit die relasionele. Verhoudings is krities belangrik in mentorskap. Eli se verhouding met sy twee korrupte seuns (Hofni en Pinehas) was sleg. Hy as pa het geweet

sy kinders vang verkeerde dinge aan en het maar net die kop weggedraai. Miskien was hy ook te bang om hulle te verloor as hy teen hulle lewenswyse opstaan, maar dit het beteken dat hierdie seun maar tragies uit hierdie wêreld weg is. Hulle het op die slagveld weggehardloop en is gedood. Mentorskap beteken ek moet NEE sê as NEE nodig is.

Die derde rol van mentorskap is die oordra van kennis en take. Hierdie kennis is veral kennis van God. Soos Eli van ouds Samuel geleer het dit was God se stem, moet ons ook die kinders op ons pad leer van God se stem. Anders, anders gaan hulle gefrustreer en verward grootword.

Ek sluit af: God roep elkeen van ons tot Sy diens. Hoor ons die stem van God? Dit is roeping!

Amen.

WEGSENDING (Seëngroet):

Tekste: Gesang 180; 1 Timoteus 1: 2b, 2022; Spreuke 4: 23, 1983; Gesang 284:1.
Fokus teks: 1 Samuel 3: 1-18, 1983.
Liedere: VONKK 139: 1-4; Gesang 205: 1-3; Gesang 245: 1-3; Gesang 525: 1-3.

---

Laat, Heer, u vrede deur my vloei. Waar haat is, laat ek daar u liefde bring. Laat ek in pyn en smart vertroostend wees.

WEGSENDING:

Ja, ons weet, ook in ons leed leef ons onder u genade; vrees ons nie die kwade ~ Gesang 525: 1-3